*Donderdag* **4 September**

**Skrifgedeelte: Hosea 10:1-15 (AFR2020)**
**Fokusgedeelte: Hosea 10:12, 13**

**Soek die Here terwyl Hy te vinde is …**

Hoewel Israel aanvanklik onder die seënende hand van die Here soos ’n welige wingerd oorvloedig vrug dra, het hulle in valsheid, eerder om die Here te dank, dit as geskenk van hulle vrugbaarheidsgod Baäl beskou. So is vir die Noordryk (Israel in Samaria) goue kalwers in Bet-el en Dan opgerig as ekwivalent van die verbondsark sodat hulle nie meer sou optrek na Jerusalem om daar te aanbid nie. Maar die volk het dit gou as beelde van Baäl beskou. In kort, hulle het die Here verlaat (1 Sam. 4:20-22).

Hieroor word daar na Bet-el (Huis van God) verwys met die skeldnaam Bet-Awen (Huis van Sonde), waardeur uitgewys word dat eie skeppinge vir die mens van geen waarde is nie en hy Iemand (die Messias) buite en groter as hyself nodig het vir blywende sekuriteit.

So onderbreek die Here sy gerigsoefening en word Efraïm opgeroep tot bekering deur ’n nuwe land te ploeg – ’n totale nuwe begin te maak en die harde grond van goddeloosheid te breek. Saai die saad van geregtigheid deur ’n lewe ooreenkomstig hulle verbondsverbindtenis met die Here, om so die sekerheid wat Hy bied, te oes.

So is daar geplant en geoes. Maar helaas, boosheid is ingeploeg wat ’n vrug van sedelose sonde voortbring en oneerlikheid as vrug moes hulle eet (vgl. Gal. 5:19-21).

Ja, die Here stuur ons nie net met ’n opdrag om die Woord te gaan saai nie, maar Hy rus ons ook toe met die allerbeste saad van geregtigheid en waarheid. Só dat die vrug van die Gees deur ons verbindtenis met Jesus Christus, geoes sal word. Daarom, soek die Here in jou lewe solank Hy nog te vinde is.

*Sing: Psalm 128-1:1, 4*

*Ds. JE (Blok) Franck (Emeritus)*